Toespraak van Distriksapostel Kriel via NAKTV, 07 Junie 2020

Inleiding

Hierdie aankondiging dien as inligting vir ons lidmate in Suid-Afrika, Lesotho, Botswana, eSwatini & Namibië

Eerstens wil ek my dank uitspreek teenoor al ons werkers wie hierdie siekte in die voorste linies beveg, sowel as diegene wie die inperkingsperiode vir ons draaglik maak. Dankie aan alle inwoners wie hulle by die regulasies hou, hul maskers dra, hande gereeld was en sosiale afstand handhaaf. Die virus sal met ons bly. Laat ons leer om met die virus saam te leef.

Ons volhard in ons gebed dat ‘n entstof spoedig gevind word. Tot tyd en wyl, is voorkoming van verspreiding, die gewenste reaksie. As elkeen voorkomend optree, sal ons almal beter daaraan toe wees.

Woord van dank

Ek verlang om spesiaal DANKIE te sê aan die vele wie hulle besorg oor diegene wat in nood is. Gedurende hierdie tyd is geestes- en emosionele ondersteuning net so belangrik as om ‘n maaltyd vir die natuurlike liggaam te voorsien. Vele ervaar eensaamheid, vele het geen emosionele ondersteuning nie en moet in totale afsondering van die gemeenskap, die stres wat die pandemie teweegbring hanteer.

Dankie aan die ouers, Sondagskoolonderwysers en diensknegte wat hul bes doen, om ingevolge ons tuisonderrig-inisiatief, aan ons kinders onderrigmateriaal te voorsien. Vir die eerste maal is die materiaal in al ons kerk se gebruikstale beskikbaar.

Die jongmense hou vol om waarde toe te voeg en mekaar in hierdie tyd te ondersteun.

Die musiekleiers het voortgegaan om die musikante in hierdie tyd besig te hou. Sodoende word vreugde vir almal bewerkstellig.

Ons is dankbaar teenoor ons uitsendingsvennote wie dit vir ons moontlik maak om ons godsdienste uit te saai. Op enige gegewe Sondag bereik ons honderde duisende deelnemers via internet-, satelliet-, radio- en telefoonuitsending. Ek is werklik dankbaar teenoor die administratiewe

personeel, wie hulle huise aangepas het om hul nuwe werksplek te akkommodeer. Dankie ook aan hul families, wat terwyl ons onsself in die krisis weens die koronavirus bevind, ook deur hierdie nuwe werkswyse geraak word. *Ek dink ons werk almal veel harder gedurende hierdie tyd…* Ons is in die finale stadium van ons jaarlikse oudit wat deur die ouditfirma Deloittes uitgevoer word. Hierdie jaar was die eerste maal wat ons 'n virtuele oudit gehad het. Dankie aan almal wat die ekstra myl moes loop.

Hervatting van Godsdienste

Ons is almal bewus van die aankondiging van die Suid-Afrikaanse President, waarvolgens godsdienstige organisasies, onderworpe aan sekere voorwaardes, vanaf 1 Junie 2020 toestemming het om vir godsdienste te vergader. Hierdie voorwaardes sluit in:

- bywoning van hoogstens 50 mense
- temperatuursifting by elke godsdiens
- gesondheidsvraelys met ingang na die kerk
- ontsmettingsprotokol vir lidmate en fasiliteite
- dra van gesigmaskers
- geen groepsang
- geen aanraking & handoplegging
- risikobestuur in die geval van bespeuring

Na vele gesprekvoering het ons besluit om die hervatting van godsdienste met groot versigtigheid te benader. Ons moet versigtig wees om nie al die opofferings, wat deur vele tot nou gebring is, ongedaan te maak nie. Die mediese werklikheid dui tans op 'n opwaartse kurwe ten opsigte van infeksies en sterftes. Die areas met die hoogste digtheid van ons lidmaatskap is ook die areas met die hoogste gevalle van COVID-19.

Gegewe die voorafgaande, het ek saam met die apostels en opsieners besluit dat godsdienste nie gedurende Junie en Julie 2020 sal hervat nie. Dit impliseer nie dat ons in Augustus sal terugkeer nie. Ons sal die situasie evalueer en u dienooreenkomstig in kennis stel.

Ons sal die tyd benut om ons kerke voor te berei en ons diensknegte op te lei, sodat ons aan AL die wetsvereistes kan voldoen.

Begrafnisdienste

Al die bogenoemde wetsvereistes wat vir kerkdienste geld, is ook op begrafnisdienste van toepassing. Hier wil ek aanbeveel dat die laagste moontlike getal mense uitgenooi word. 50 is nie ‘n doelwit nie, maar ‘n perk. Oor die laaste paar dae het ons gevalle gehad van begrafnisgangers wie COVID-19 positief was. Dit het tot groot stres vir ander wat ook teenwoordig was gelei. Die kerk moes opsporing en ontsmettingsprotokol inisieer en gesondheidsbeamptes is nou in die proses om alle begrafnisgangers op te spoor en verspreiding te beheer. In die bogenoemde gevalle het die lidmate geen simptome getoon nie. Gedurende hierdie tyd mag alle begrafnisse lewend gebeeldsend word – maak asseblief van hierdie opsie gebruik.

Terwyl ek oor begrafnisse gesels; ‘n herinnering dat die jaarlikse begrafnisfondsledegeld teen 30 Junie 2020 betaalbaar is.

Wat kan u gedurende hierdie tydperk verwag?

1. Ons sal voortgaan om ons godsdienste vanaf Kaapstad en Johannesburg te beeldsend soos ons sedert die aanvang van inperking gedoen het. Ons is besig om die aanbiedings in tale uit te brei, sodat elkeen die geleentheid kry om God se woord in hul moedertaal te hoor. Daar is tans lidmate wat ons nie deur die bestaande uitsaaiplatforms bereik nie. Ons sal ook die tyd benut om alle weë te ondersoek om te verseker dat niemand uitgesluit word nie. Ons strewe om te verseker dat alle lidmate ‘n opsomming van ons godsdienste gedurende hierdie tydperk ontvang. Hier wil ek u graag herinner om u e-posadres en selfoonnommers op te dateer, sodat u alle kommunikasie van die kerk kan ontvang.

   Soos voorheen aangekondig, het ons ‘n nasionale komitee op die been gebring, met die verantwoordelikheid om ons ten opsigte van alle aspekte rakende hervatting van kerkaktiwiteite te adviseer. Hulle het die afgelope paar weke ywerig gewerk en weekliks aan die vergadering vir apostels en opsieners verslag gedoen. Besonderhede van die voorgeskrewe vereistes vir elke gemeente, sowel as opleiding vir ons diensknegte sal met u gemeenteleiers gedeel word.

2. Die aanwysing van alle kerkleraars as essensiële dienswerkers, is nog ‘n beslissing wat deur die President gemaak is. Ons verwelkom hierdie beslissing. Die beslissing is egter net op Suid-Afrika van toepassing. Vir die Nuwe Apostoliese Kerk Suid-Afrika, word alle aktiewe priesterlike ampsdraers as essensiële dienswerkers beskou. Dit beteken nie dat fisiese SVB(besoeke) nou sal plaasvind nie. In die situasie van enige geestelike noodgeval wat nie sonder fisiese teenwoordigheid opgelos kan word nie, is dit egter vir die priester moontlik om na die lidmate te beweeg.

   Die reëls wat op kerke van toepassing is, sal ook vir die priesters geld. Dit sluit ontsmetting, gesigmaskers en sosiale afstand in.

   Sakramente & Seëninge

   Heilige Doop – word nie tuis of by kerke toegelaat nie en sal aandag geniet wanneer wetgewing dit toelaat.

   Heilige Verseëling – word nie tuis of by kerke toegelaat nie en sal aandag geniet wanneer wetgewing dit toelaat.

   Heilige Nagmaal – Aangesien daar ‘n verhoogde risiko van die oordrag van COVD-19 is, sal ons nie Heilige Nagmaal op hierdie tydstip kan vier nie.

   Ons almal verlang om Heilige Nagmaal te vier. Vir die wat wag vir die doop van hul kinders en Heilige Verseëling, wil ek graag vertroosting gee deur die versekering dat God van ons situasie bewus is. Sy genade en die liefde van Jesus sal ons dek.

   Handelinge van seën

   Huweliksseëninge, huweliksherdenkingseëninge, voorgeboortelike seëninge en alle ampshandelinge word gedurende hierdie tydperk nie toegelaat nie.

   Diegene wat verlang om hul huwelik volgens wet te voltrek, kan dit in konsultasie met hul plaaslike troubeampte tuis of by die kerk afhandel. In Suid-Afrika geld die bepaling van ‘n maksimum van 5 persone (‘n troubeampte, die paar en twee getuies).

3. **Offerande**

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om almal, wat ondanks omstandighede van beproewing, volgehou het om getrou te offer.
Ons besef dat kontantoffer vir vele van ons lidmate nie moontlik was nie. Sommige lidmate het oorbeweeg na elektroniese offerande. Ek wil u weereens herinner dat dit deur die kerk verkies word, aangesien dit die sekuriteitsrisiko van die dra en hantering van kontant uitskakel.

Ek is bly om u in te lig dat ons “Easy Pay” gekontrakteer het as ‘n oplossing vir ons lidmate wie graag hul offer wil bring, maar dit nie elektronies kan doen nie. Dit is nou vir lidmate moontlik om hul offerande by meer as 9500 afsetpunte regdeur Suid-Afrika in te betaal.

U gemeenteleiers en priesters sal ‘n skrywe ontvang oor hoe hierdie fasiliteit gebruik kan word. U kan, eenvoudig gesproke, u offerande by die meeste kettingwinkels in Suid-Afrika inbetaal (dit is ongelukkig nog nie in Botswana, eSwatini, Lesotho, Mosambiek en Namibië beskikbaar nie). Ek besef dat dit ‘n wesenlike verandering vir ons is. Ons bly by die belering dat ons offerande die resultaat van ons dankbaarheid teenoor God, sowel as ‘n uitdrukking van ons geloof en vertroue in Hom is. Aangesien die hantering van kontant ook risiko van oordrag van COVID-19 inhou, word hierdie reëling, vir diegene wat beperkte toegang tot elektroniese bankfasiliteite het, verkies.

Vir diegene wie hulle in die ongelukkige situasie bevind, dat hulle vir welke rede ookal, nie ‘n offer kan bring nie, wil ek van enige skuldgevoel wat hulle mag hê vrymaak. Wees verseker dat ons elke dag bid dat u situasie mag verbeter.
Die Here ken u hart en sy hand is nooit te kort om u te seën nie.

4. Kerkfinansies

Die kerk verkry sy inkomste van die getroue offerande van God se volk. Dit is ‘n feit dat die inkomste van die kerk oor die laaste paar maande wesenlik afgeneem het.

Ek kan bevestig dat ons al ons bedryfsuitgawes besnoei het. As gevolg hiervan het alle werknemers ook ‘n gedeelte van hul vergoeding en voordele prysgegee.

5. Aankondigings

Stamaposteldiens – op 14 Junie teen 09h00, vanaf Strasbourg vir Zambia – waargeneem in Engels.

Op die 21ste Junie 2020, sal Apostel Nene ‘n godsdiens vanaf Silvertown waarneem. Hierdie godsdiens sal in isiXhosa waargeneem word en in Engels vertaal word.

Op 28 Junie 2020, sal Apostel Swartbooi ‘n godsdiens vanaf Sandton waarneem. Hierdie godsdiens sal in Afrikaans waargeneem word en in Engels vertaal word.

Ek sal u op 5 Julie 2020 bedien. Na afloop van hierdie godsdiens sal ek u op hoogte bring rakende ons planne om ons kerkdienste te hervat.